

Februarie 2009

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Hier is 'n beskrywing van 'n insident van meer as 120 jaar gelede. Vandag sal ons seker daarvan kan praat as vreemdelingehaat of xenofobie.

### J.G. Fourie se advertensie

Dit is die jaar 1882. Die eerste Anglo-Boere-oorlog is verby en die Boere is weer in beheer van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Daar is moeilikheid met die inheemse bevolking in die noorde en die manne word opgeroep vir kommandodiens. 'n Groep mense kom gou agter dat as hulle registreer as Britse onderdane hulle vrygestel is van militêre diens. Daarna verskyn daar kort-kort 'n lys van geregistreerde Britse onderdane in De Volksstem [V 82-02-11; V 82-02-25; V 82-04-04 ens].

J.G. Fourie, die veldkornet van die wyk Apiesrivier, besluit dit kan nie geduld word nie en hy en 'n groep boere onderteken 'n advertensie en plaas dit in die koerant. Dit lui dat persone wat as Britse Burgers geregistreer is nie op hul plase mag kom nie [V 82-03-01]. Die besluit van die boere kan groot probleme veroorsaak. Daar moet onthou word dat die paaie in die ZAR in daardie tyd nog nie aan die staat behoort het nie maar dat die boere goedgunstiglik reisigers toegelaat het om deur hul plase te reis en en ook om daar uit te span.

'n Week later [V 82-03-08] berig De Volksstem dat alhoewel hy die advertensie van veldkornet J.G. Fourie geplaas het hy nie saamstem met die gees van onverdraagsaamheid nie.

Die regering besef nou dat daar opgetree moet word. Die Staat plaas toe ook 'n advertensie in die koerant [V 82-03-11] wat sê dat J.G. Fourie nie die reg het om 'n advertensie te plaas in sy amptelike hoedanigheid as veldkornet nie.

Op 22 Maart verskyn daar weer 'n advertensie [V 82-03-22] waar 'n aantal van die mense wat die oorspronklike advertensie geteken het dit terugroep. Fourie was nie een van hulle nie.

Of daar enige verdere stappe teen Fourie geneem was is nie bekend nie. In Augustus reël **kommandant** J.G. Fourie 'n vergadering op sy plaas om die presidentsverkiesing te bespreek [V 82-08-30]. Ek weet nie of hy bevorder is en of dit 'n drukfout in die koerant was nie.

---

### Alternatief vir perde

Perdesiekte was 'n groot probleem in die ZAR. Daar was voortdurend in die ou koerante berigte daaroor. Een voorbeeld is die firma Green & Erasmus wat in Julie 1876 die kontrak verkry het om die pos te vervoer [V 76-07-29]. Hulle het gebruik gemaak van die koetse van Cobb & Co. Minder as 'n jaar later word berig dat hulle 70 perde verloor het weens perdesiekte [V 77-05-09]. Hulle het weer nuwe perde gekry en in Septembermaand word berig dat 'n nuwe poskantrak aan hulle toegeken is [V 77-09-05].

As alternatief vir perde is zebras gebruik om die poskoetse te trek. Reeds in 1874 is zebras in Parys Frankryk as trekdiere gebruik [V 74-06-13]. Hoe suksesvol dit was is nie bekend nie.

A.H. Nellmapius het probeer om zebras en elande as trekdiere in te span. Hy het 'n mate van sukses met die elande gehad [Pr-42 p05] [Kay-01].

Die Zeederberg-broers het ook probeer om zebras as trekdiere vir hul poskoetse te gebruik [And-01 p73; And-03 p83]. Alhoewel daar groot belangstelling was, was die eksperiment nie geslaagd nie omrede die zebras nie soveel stamina soos perde gehad het nie.



Die Zeederberg Poskoets met sy span zebras in 1883 [Lan-50 p146]

'n Ander interessante stukkie geskiedenis waarop ek afgekom het is in die Staats-Almanak van 1899 [Sta-03 p158]. Onder die Departement van die Kommissaris van Polisie van Pietersburg en Klein Letaba was daar die volgende personeel [salaris per jaar in hakkies]: 1 Wachtmeester [£265]; 3 Rijdende Polisie [£265]; 2 Rijdende Polisie [£250]; 1 Blanke Voetpolitie [£160]; 6 Zwarte Voetpolitie [£50]; 1 Zwarte Voetpolitie **te Buffels** [£50].

Beteken dit dat hy op 'n buffel gery het?

-----

Nog 'n interessante stukkie polisiegeskiedenis is die volgende: in April 1874 kom Kaptein van Deventer met 25 man hier aan. Hulle word ingesweer en volgens De Volksstem is dit die begin van die polisiemag in Pretoria [V 77-04-11]. Twee maande later kom hier 20 Zulus aan om as stedelike polisie diens te doen [V 77-06-13].

-----

## Bronnelys

- And-01      Andrews, Tom e.a.    **Straat- en Plekname van Ou-Pretoria.**  
J.L. van Schaik. 1989.
- And-03      Andrews, Tom.        **God's Acre: Church Street Cemetery.**  
1994.
- Kay-01      Kay, Helga.    **Tycoon and the President. Life of Nellmapius.**  
MacMillan South Africa. Johannesburg. 1978.
- Lan-50      **The American Stage Coach.** Lantern: Journal of Knowledge  
and Culture. June 1983.
- Pr-42      Van der Byl, D.G.    **A Short history of Irene.** Pretoriana,  
Augustus – Desember, Nommer 42 & 43, 1963
- Sta-03      Kuipers, H. e.a.    **Staats-Almanak v d Zuid-Afr. Republiek.**  
Staatsdrukkerij, Pretoria, 1899.
- V =            De Volksstem.

### Die volgende van Stan Kantor

One of the least appreciated features of the Wonderboom Nature Reserve are the footpaths leading to the cave and fort.

Paved with flat, undressed stones from the immediate vicinity of the trail, these include current-bedded and ripple-marked quartzite displayed at their best.



'n Natuurpaadjie in die Wonderboom-natuurreservaat.

A nature trail in the Wonderboom Nature Reserve.

The photograph shows one of the paths in 1958. The stones for the path and its edging were specially selected by a master stone mason and no cement was used for keeping the path in place.

The contoured paths are a marvel of engineering but who was the person in charge? and when were the paths laid?

Can any readers provide the answers?

Regards, Stan Kantor

-----

**Die volgende kom van Peter Wood na aanleiding van die navraag oor die lug van die poskaarte.**

Die ou "ortochromatiese" films van voor 1895 tot minstens 1904 was WEL sensitief vir **BLOU** lig, maar was nie sensitief vir **ROOI** lig nie. Hulle was ook **UITERS SENSITIEF** vir die "onsigbare" lig, **ultravioletlig** (UV - die lig wat sonbrand veroorsaak). UV kom baie in sonlig voor; kunsmatige ligbronne soos kerse en elektriese ligte bevat nie UV-lig nie. Die resultaat was dat ou fotografe gesukkel het as daar rooi voorwerpe in die foto was; die film kon glad nie rooi optel nie, en rooi voorwerpe het dus as swart uitgekom op afdrukke (rooi voorwerpe was wit op negatiewe.). *Mense wat te lief was vir die bottel, wat diep rooi gesigte het, het dus dikwels amper soos swartes in ou ortochromatiese film foto's voorgekom.*

Wat nog erger was, was die ou films se **hipersensitiwiteit** vir ultravioletlig. Die blou van die hemel, en die wit en grys skakerings van wolke, het so baie blou en ultravioletlig bevat, dat negatiewe lug en wolke as heeltemal swart gewys het; daar was geen onderskeid tussen die lug en die wolke nie. Die lug en wolke van foto's was m.a.w. "oorbelig", omdat die ortochromatiese film te sensitief was vir blou en ultravioletlig (UV-lig). Afdrukke ("prints") wat van sulke negatiewe gemaak was het dus geen detail van wolke gewys nie; die lug en die wolke het albei spierwit vetoon op afdrukke.

Fotografe het later begin om "ultraviolet filters" te gebruik – hierdie het die UV-lig geabsorbeer, en het die effek gehad dat blou lug ietwat donkerder gewys het op afdrukke, in vergelyking met wolke.

Die groot deurbraak met film was gemaak in 1904. In daardie jaar het 'n Londense firma die eerste "panchromatiese" film gemaak, wat nie net vir ultraviolet, blou, groen en geel lig sensitief was nie, maar ook vir rooi lig ('n kleurstof is in die filmemulsie gemeng om die film "rooisensitief" te maak). Van toe af, met die ontwikkeling van panchromatiese films, het foto's heelwat meer realisties begin lyk. Rooi gesigte het van toe af nie meer so donker uitgekom nie, rooi voorwerpe het nie as swart uitgekom nie, maar het eerder as 'n skakering van grys gewys, en wolke kon ook in die lug gesien word – veral as die fotograaf 'n ultraviolet filter gebruik het. Nog meer dramatiese wolkfoto's – amper soos Pierneef skilderye – kon mettertyd verkry word deur 'n oranje of rooi filter te gebruik. Rooi en oranje filters absorbeer blou lig, en het die gevolg dat die blou hemele pikswart word op 'n afdruk, met spierwit wolke daarby. Sulke foto's is baie dramaties.

Toe kleurfilm – veral Kodachrome en Agfacolour – in die 1930-jare ontwikkel was, het die hemele nog meestal wit op skyfies of afdrucke gewys, omdat die ultravioletlig weer veroorsaak het dat die "lug"-deel van die foto oorbelig was. Maar as die fotograaf 'n ultraviolet filter gebruik het, het die lug dan donkerder blou oftewel grys uitgekom, met wolke wat wit was.

Die gevolg van al hierdie probleme met filmemulsies en -filters het veroorsaak dat uitgewers verplig was om wolke kunsmatig by te bring as hulle poskaarte wou produseer. Die gekleurde poskaarte van 1900 – 1925 moes in elk geval kunsmatig gekleur word, want praktiese kleurfilms het toe nog nie bestaan nie. (Die eerste kleurfilm wat redelik bekend geword het, was "Autochrome" van ongeveer 1929, maar hierdie was nie baie gewild nie. Die eerste kleurfilms wat redelik algemeen gebruik was – soos genoem – was Kodachrome en Agfacolour; en hierdie films was baie duur en skaars in die 1930's. Kleurfoto's het eers in die laat 1950's en 1960's begin gewild word.)

-----  
Groete tot volgende maand  
Rosa Swanepoel